agra
SERVICE•RANGE•COUNTRYWIDE

RING

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

KARAKOEL HERDENK 100 JAAR

Dit is vanjaar 'n eeu gelede dat die eerste karakoelskape die land binnegekom het. Die eerste besending, bestaande uit tien ooie en twee ramme, het op 24 September 1907 uit Duitsland in Suidwes Afrika aangekom. In 1914 is nog 100 ramme, 580 ooie en 140 lammers ingevoer. Hierdie diere het die kern gevorm van 'n unieke skaapras wat uitstekend in die land aangepas het. Sedertdien het die Karakoel 'n enorme groot rol in die ontwikkeling en ekonomie van die land gespeel. Bemarking onder die handelsnaam SWAKARA, is in 1966 gevestig en word gekenmerk vir sy uniekheid en kwaliteit in die internasionale pelshandel.

Die 1960's en 1970's kan as die goue era in die karakoelbedryf bestempel word toe meer as 5 miljoen pelse per jaar uitgevoer is. Gedurende die 1990's het die Karakoel 'n terugslag beleef met 'n drastiese daling in pelsgetalle. Die bedryf het egter sedertdien weer herstel en lewer tans 'n groot bydrae tot die ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die land.

Vandag nog is die karakoelpels een van die populêrste in die internasionale mark en is daar so onlangs soos verlede jaar tydens die April- en September veilings geskiedenis gemaak met rekordpryse vir karakoelpelse.

Die 100 jarige bestaan van die Karakoel gaan beslis nie ongesiens verby gaan nie en verskeie projekte is deur die Karakoelraad vir vanjaar beplan.

- 'n Televisie dokumentêre program oor die 100 jarige bestaan is gemaak.
- 'n Eeufeesboek gaan eersdaags verskyn waarin die geskiedenis met foto's en onderhoude uitgebeeld gaan word.
- 'n Standbeeld van 'n skaapwagter met 'n lam en 'n ram word in die hoofstraat van Keetmanshoop opgerig. Die standbeeld sal op 13 September wanneer die Karakoel Produsentevereniging se jaarvergadering plaasvind, onthul word. Dit sal gepaard gaan met die optrede van kore en optogte van skole deur die strate van Keetmanshoop.
- Op die internasionale front gaan 'n uithang-geleentheid op 'n boot op die Fjords-meer in Kopenhagen vir spesiale gaste op die internasionale front aangebied word. 'n Aantal produsente en hul gades uit Namibië sal ook die geleentheid bywoon. Tydens die geleentheid sal 'n goue lam en ander spesiale toekennings aan kliënte gemaak word.
- Plaaslik is 'n Karakoel wolwewers kompetisie uitgeskryf, wat die 100 jarige bestaan op 'n muurbehangsel moes uitbeeld. Die wenner in die kompetisie was die Ebenstein Weavers. Een van die matte is geoormerk vir Staatshuis in Windhoek, terwyl die ander twee matte onderskeidelik in die Kopenhagen Fur en die kantoor van die Karakoelraad sal pryk.
- 'n Prestige dinee gaan op 13 September vir alle produsente in Keetmanshoop aangebied word, met eregaste soos die President van Namibië en sy gade asook die Minister van Landbou.
- Vir die dames word 'n geleentheid gereël, waartydens die ontwerper van ERFA-mode kledingstukke, Bente Anderson, spesiaal uit Hamburg, Duitsland kom om inligting oor die jongste modes oor te dra.

Finale programme en inligting oor die eeufeesvieringe sal binne afsienbare tyd aan alle produsente versend word.

Agra as enigste bemarker van Karakoelpelse na die buiteland speel 'n prominente rol met sy finansiële bydraes vir die feesvieringe. Benewens verskeie borgskappe vir die onderskeie geleenthede, het die koöperasie ingestem om 0,25% korting toe te staan op die kommissie vir die April veiling. Dit alleen kan soveel as N$60 000 beloop.

Geluk aan die Karakoelprodusente met hierdie besondere mylpaal in die geskiedenis van die bedryf. Mag die toekoms vir u voorspoed inhou en mag die "Swart Diamant" van krag tot krag gaan.

REDAKSIONEEL

Die Karakoelprodusente het rede om vanjaar fees te vier. Dit is nie aldag dat iets of iemand 100 jaar oud word nie. Reeds in 1907 het die eerste produsente die vêrsiendheid gehad om die Karakoelskaap in hierdie land te vestig en het met groot welslae daarin geslaag. Ons sê geluk aan die Karakoelraad en produsente met hierdie besondere geleentheid. Dit is veral hulle wat die deursettingsvermoë gehad het en vasgebyt het in die moeilike jare wat die eer en gelukwensing toekom. Hulle pluk vandag die vrugte daarvan. Dit is hulle wat Namibia op die wêreldkaart hou met die wêreldbekende naam SWAKARA.

Die kleinveevoerkraal van Agra het ongelukkig nie aan die verwagtinge voldoen nie en sal waarskynlik sy hekke moet sluit. In 'n artikel hieroor in hierdie uitgawe kan u meer hieroor te wete kom.

Horsti Riedel 'n bekende onder die Simmentalertelers verdien spesiale vermelding in hierdie uitgawe van die Ring. Dit was weereens 'n bewys van die kwaliteit en ingesteldheid waarmee ons produsente boer. Uit die uithoeke van die wêreld word erkenning gegee vir besondere kwaliteit teelmateriaal waarmee in Namibia geboer en produseer word.

Agra nooi al sy lede om wedersydse kommunikasie met sy koöperasie te bevorder. Agra is geneë om maksimum diens en tevredenheid vir sy lede te probeer bewerkstellig. Verskillende opsies word tans oorweeg om die lede betrokke te kry en hierdie ideaal te verwesentlik. Die Ring is een voorbeeld en forum wat u kan gebruik om kommunikasie te bevorder deur bydraes, vrae of voorstelle in te stuur vir publikasie. U word egter ook hartlik uitgenoooi om met enige van Agra se bestuur kontak te maak om u tevredenheid/ontevredenheid uit te spreek of voorstelle aan die hand te doen.

U kan u bydraes en reaksie aan die bemarkingsbestuurder van Agra, Mev Birgit Hoffmann stuur by Privaatsak 12011, Windhoek of per e-pos aan birgith@agra.com.na

Gedagte vir die maand: Phillips Brooks (1835-1893) het gesê..... "Bly weg daarvan om dinge geheim te hou. Bly weg van die behoefte om dinge geheim te hou. Dit is 'n aklige oomblik wanneer die noodsaak om iets geheim te hou, aanbreek. Daarvandaan is die lewe nie meer dieselfde nie. Wanneer ons bang is om vrae te antwoord, of oë moet vermy, of iets nie aangeraak mag word nie, het ons die vreugde in die lewe verloor".

Koöperasiegroete

Sigi Lösch
Privaatsak 12011
Windhoek
Tel. 081 127 8580
e-pos: losch@iway.na

AGRA SE VOERKRAAL ROEP TYDELIK HALT

Agra se kleinveevoerkraal wat bekend geword het as ALCO, het tydelik gestaak met die inkoop van diere vir die kraal. Sedert 15 Desember 2006 is geen diere ingekoop nie, terwyl die ongeveer 11000 diere wat in die kraal was, intussen uitverkoop is.

Agra ag dit nodig om eers halt te roep met hierdie projek om verskeie redes. Die belangrikste is om dit wat geleer is sedert die eerste inname van diere in Augustus 2004, te konsolideer. In die 29 maande wat die voerkraal operasioneel was, is baie geleer waarop voortgebou kan word. Sommige maande was baie winsgewend terwyl ander maande weer groot verliese opgelewer het. Desember 2006 was byvoorbeeld gekenmerk deur uitermate hoë vrektes wat groot verliese tot gevolg gehad het. Verskeie faktore het hiertoe bygedra.

ALCO groeipyne

So 'n fasiliteit onstaan nie oornag sonder groeipyne nie, veral nie as dit 'n kleinvee-voerkraal is nie! Die grootste pyne waardeur Alco moes worstel was die onderstaande:

Gesondheid van die diere

Die meeste entstowwe wat in Namibië in gebruik is het 'n 14-dae inkubasie periode voordat dit beskerming bied. Bloednier en Pasteurella kan dus toeslaan in die kraal voordat immuniteit weens die Alco-inentings opgebou is. Dis baie duidelik dat daar nie altyd op die plase van oorsprong ge-ent word nie en soms is groot getalle van spesifieke aankope in die kraal vrek. Dit bly 'n probleem wat slegs met selektiewe aankope en uiters versigtige aanpassing van diere aangespreek moet word.

'n Tweede groot oorsaak van swak gesondheid of vrektes was beslis "stres". Vervoer oor lang afstande (soms in stof of selfs uitlaatgasse), radikale verandering in omgewing en die radikale verandering in dieet is van groter omvang in Namibië as byvoorbeeld in die RSA. Dit veroorsaak stres en dít is beslis die grootste moordenaar in die kraal. Diere sukkel om te begin vreet en raak maklik agter en vatbaar vir al wat 'n kwaal is. Die direkte hantering totdat diere in die kraal afgelaai word is van absolute belang en het 'n direkte invloed op die winsgewendheid van die besigheid.

Deurset

Die voerkraal is ook maar soos wat gesê word van 'n abattoir en 'n krokkodil. As jy dit nie voer nie vreet hy vir jou! Deurset is belangrik omrede die oorhoofse kostes 'n gegewe is, ongeag die aantal diere in die kraal. Die goeie reëntye sedert die aanvang van die kraal (Augustus 2004) het uiteraard goeie deurset teengewerk. Dit het geweldig druk op die kraal geplaas. Dit verg sterk dissipline om juis dan nie die verkeerde diere (swak presteerders wat wel beskikbaar is, of diere wat reeds goeie kondisie het) aan te koop nie; of om diere te duur aan te koop nie. 'n Te lae deurset met diere wat nie heeltemal die gewensde voerkraaldier is nie, is 'n resep vir verliese. Alco het homself soms hierin bevind.

Rekordhouding

Hierdie was verseker die grootste groeipyn van die kraal. Omrede dit baie duur en tydrowend is om rekord van individuele diere (8000 koppe) te

Dit sal net tot die Kleinveebedryf se voordeel wees om hierdie krale binnekort weer vol lammers te sien.

vervolg op bl. 4

AGRA SE VOERKRAAL

vanaf bl. 2

hou, was die finansiële rekordhouding gebaseer op gemiddeldes. Om die kosprys van 'n dier wat verkoop moet word te bereken, was die enigste manier om die gemiddelde prys en voerverbruik van die diere wat in die kraal staan te gebruik. Individuele identifisering sou hierteenoor die regte aankoopprys sowel as die regte aantal dae wat gevoer is elektronies kon oproep en sodoende 'n akkurate kosprys bereken. Die nadeel van die stelsel wat op gemiddeldes gebaseer word, is dat dit moeilik is om winsgewendheid akkuraat op 'n gereelde of spesifieke tydstip te bepaal. Met individuele identifikasie as basis, kan die winsgewendheid per transaksie presies bepaal word. Die vereiste van die stelsel wat op gemiddeldes gebaseer is, is dat alle data (vrektes en koop- en verkooptransaksies) dadelik ingedra moet word anders trek gemiddeldes skeef en raak die data onbetroubaar. Hierdie tydige indra van alle data het nie altyd op tyd geskied nie en dit opsigself het bygedra tot heelwat probleme. Om akkuraat rekord te hou in die toekoms sal die Alco-pad deur individuele identifikasie moet loop.

Lesse geleer vanaf 2004 tot einde 2006

'n Kleinveevoerkraal in Namibië het sy eiesoortige probleme wat slegs oorbrug kan word met 'n uiters wetenskaplike benadering en deurentyd top voerkraalbestuur. Die risiko in so 'n kraal is groot en enige verslapping in bestuur sal byna onmiddellik groot verliese veroorsaak. Die korrekte hantering van stres en goeie kripbestuur maak groot impak en is waarskynlik die belangrikste faktore wat ten volle onder beheer moet wees. 'n Belangrike komponent van kripbestuur blyk kraaldigtheid te wees. Te hoë kraaldigtheid (veral gedurende Namibië se warm maande) kan soos in Desember 2006, diere by die hope laat vrek. 'n Ander komponent van kripbestuur wat uitgestaan het, was die fisiese voorkoms van die voer in die krip. 'n Hoë persentasie vermeling van die voerpille veroorsaak selektiewe vreters. Heelwat diere vreet net die pille en "verhonger" totdat die volgende pille gegooi word - waar hulle hul dan oorvreet met nadelige spysverterings-steurnisse (suurpens en vrektes).

Agra het baie ondervinding opgedoen in hierdie projek. Dit is moontlik om 'n kleinveevoerkraal winsgewend te bedryf in Namibië, maar beslis teen die voorwaarde dat daar binne sekere reëls gespeel word. Soos reeds genoem was daar nie voldoende klem gelê op akkurate rekordhouding asook op die tipe diere wat ingekoop is nie. Alco het tot dusver uitgewys dat die geringste verslapping in dissipline hier en in die bestuur onmiddellik in verliese omskakel.

Beperkinge

Namibië is 'n woestynland. Die aanpassing van kleinvee vanaf die ekstensiewe weidings (wat geweldig seisoenaal varieer) na 'n voerkraal is besonder straf en maak dit moeiliker as in baie ander lande.

Die gebruik van groeistimulante is vandag algemene praktyk in voerkrale. Sommige voerkraaleienaars is uitgesproke hieroor en is van mening dat hulle nie 'n kraal winsgewend kan bedryf sonder dit nie. Dis nie toelaatbaar in Namibië nie en voerkrale moet daarsonder winsgewend wees.

Namibië beskik oor 'n groot vetstert- en vetstertkruisings skaappopulasie wat nie goeie presteerders in die voerkraal is nie. Hierdie tipe diere sit eerder vet as vleis aan en is op 'n relatief lae massa reeds in die oorvet klasse.

Die beperking ten op sigte van uitvoere op die hoef na die RSA maak 'n voerkraal in Namibië nog meer riskant. Die bemarking uit die kraal is nou beperk tot Namibië en grootliks tot abattoirs in Namibië. Dit beteken dat alle oorvet diere en vetsterte noodwendig in Namibië gegradeer word (met groot pryskomplikasies) terwyl dit vroeër teen 'n goeie prys (sonder gradering) op die hoef uitgevoer kon word na spesifieke nis markte.

Die pad vorentoe

Agra het Alco tot hier ontwikkel en in die proses heelwat skoolgeld betaal. Dit plaas Agra spesifiek in 'n beter posisie as enige ander rolspeler in Namibië om Alco nou in te faseer in die kleinveebedryf. Daar sal egter deeglik kennis geneem moet word van die foute wat tot nou toe gemaak is. Laasgenoemde sal vermy moet word deur goeie bestuur, goeie selfdissipline en absolute akkurate rekordhouding toe te pas.

Namibiese teler kry erkenning

Een van Namibië se vooraanstaande Simmentaler Stoettelers, Horsti Riedel, het onlangs spesiale erkenning uit Australië gekry vir sy uitstaande teelmateriaal.

Die bul Hauk Ertz van Horsti en Renate Riedel wat internasionale erkenning aan hulle besorg het.

Die teler uit Australia, George Cassar van die Karova Simmentalerstoet het vir Horsti geluk gewens en gekomplimenteer met die teling van 'n uitstaande bul, waarvan hy embrios ontvang het.

Die betrokke bul is tydens die Windhoek skouveiling in 2003 vir N$43 000 aan Thomas Grupp van die teelstasie München Grub verkoop. Thomas het tydens die skou as beoordelaar opgetree en dit is waar die uitsonderlike bul sy oog gevang het. Die bul is hierna na die teelstasie, Kykso van Thys Swart in Suid Afrika geneem vanwaar embrios na Australia gestuur is en waaruit George Cassar twee uitstekende bulle geteel het - vandaar die kompliment aan Horsti Riedel.

Verse wat uit die embrios van die bul geteel is, is van ewe hoogstaande gehalte en is tans nog by die teelstasie, Kykso van Thys Swart.

Die hoë kwaliteit verse van die bul afgeneem by die teelstasie Kykso in Suid Afrika.

GEBEURE IN DIE PELSHANDEL

Wessel Visser: Bestuurder Agra Pelssentrum

Die volgende pelsveiling is voor die deur en ek het dit goed gedink om produsente op hoogte te bring met verwikkelinge in die pelshandel.

Soms verstaan ons in die suidelike halfrond nie altyd watter invloed 'n koue of warm winter op die verkope van pelskledingstukke en veral langhaar pelse kan hê nie.

Die meeste pelsdraende lande se eerste deel van hul winter was hierdie jaar matig koud met min sneeu. Selfs in Rusland het die kwik gesukkel om onder vriespunt te daal. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die aanvraag na veral langhaar pelskledingstukke soos nerts en vos tot so 'n mate afgeneem het dat dit 'n negatiewe effek op die pelsveilings as geheel gehad het.

Hiermee saam het die nerts produksie geweldig toegeneem en staan die getal wat verlede jaar geproduseer is op 44.6 miljoen pelse. Dit sluit die ongeveer 10 miljoen pelse in wat deur China geproduseer word maar nie op die veiling verhandel word nie.

Kopenhagen Fur en Noord Amerika het dus nie goeie Februarie nerts-veilings gehad nie. Pryse is omtrent met 20% af en net ongeveer 50% pelse is verkoop. As egter in aanmerking geneem word dat nertspryse vir die laaste twee jaar net gestyg het, kan hierdie as 'n prysregstelling gesien word na 'n meer realistiese vlak.

Wat hou dit vir die Swakarapryse in?

1. Die weer het intussen gedraai na 'n koue winter met sneeu en die verkope van pelskledingstukke is besig om te styg.
2. Die daling was net op die nerts pelse van toepassing. Chinchilla, sable en ander "wild fur" was nog hoog in aanvraag teen heersende pryse.
3. Swakara word steeds in die media (Sandy Parkers 05/02 nuusbrief) na verwys as "a major fashion item" en verwag ons nie dieselfde tendens as by nerts nie.
4. Ons aanbod bly net 'n druppel in die emmer teenoor die totale pelsaanbod, al sou dit verdubbel.
5. Sover blyk dit dat die wisselkoers ons nie negatief gaan beïnvloed nie.

Dit bly moeilik om oor Swakarapryse te profeteer en tendense soos nou in die nertsbedryf maak dit nog meer onvoorspelbaar.

Ons kollegas by Kopenhagen Fur sê egter dat die aanvraag nog bestaan en dat hulle positief is dat ons 'n goeie veiling gaan hê.

WOUND SOLUTIONS USED IN ANIMALS

Dr. E.S. (Stan) Miller: Animal Health Consultant & Course presenter

The following hints can be useful in cleaning animal wounds

Mixture of salt & water

To clean and flush wounds or bites. For just first properly cleaning/flushing the wound use 1 teaspoon salt on 1 liter of clean water (preferably cooked beforehand) called (±±) normal saline This is sufficient (and cheap enough) for regular use. Apply at body temperature.

Dettol, Savlon, and Betadine

USE STRICTLY ACCORDING TO THE INSTRUCTIONS on the bottle, packet or pamphlet - apply all such solutions as prescribed for human use. Make sure you get the info with the packet or bottle when you buy it. By both the Namibian laws, controlling medicines, the seller is obliged to supply that info.

Cut abscesses

Treat as described above.

Hydrogen Peroxide

USE STRICTLY ACCORDING TO THE INSTRUCTIONS on the bottle or pamphlet and if in any doubt, apply as prescribed for human use. (For example, I have a 20 Vol 2.5 L bottle H_2O_2 for animal use where it says *''Dilute with an equal volume of water & lavage wounds & ulcers when necessary'')*

Colostrum/bies

Colostrum/bies is extremely important for all newborn animals to get it ASAP but within the first 24 hours after birth. The stock owner can keep extra colostrum/bies in his deepfreeze for use when needed - also from and to other species such as sheep & goats. With its specific antibodies & cells against local diseases it is much better than any of those types of milk mixtures advised but there's a lot of advise in info sources and, I'm sure, floating around for '*first-milk*' mixes for every type of orphan and *'grootmaak van hansdiertjies'.*

AGRA Auctions: April 2007

Sunday	Monday	Tuesday	Wednesday	Thursday	Friday	Saturday
1	2 Windhoek Small Stock @ 14:00	3 *** Morgenson Wit Dorpers (P Blaauw & A Bekker), Auob Lodge, Gochas** Imkerhof	4 Gobabis @ 09:00 Gibeon Loskop	5	6 *Easter Friday*	7
8	9 *Easter Monday*	10 Outjo	11 Samehaling Grootfontein	12 Rehoboth Large Stock Otjiwarongo Koës	13	14
15	16	17 Okahandja Asab	18 Otavi Tses	19 *** P & A Klein Dorpers, Farm: Toeloop, Mariental** Windhoek Breeding Stock (Cattle)	20 Gobabis @ 09:00 Mariental	21
22	23	24 Rehoboth Small Stock Outjo Keetmans-hoop	25 Karasburg Grootfontein	26 *** Karsten & v/d Westhuizen Karakoel-veiling, Karasburg** Windhoek Large Stock Otjiwarongo	27 *** Fedcor Farming, Windhoek** Nomtsas Omaruru ***Schools Close***	28
29	30 Sandamab					

agra SERVICE-RANGE-COUNTRYWIDE

Commercial auctions starts @ 10:00 otherwise as indicated

Enquiries:

Commercial auctions: Contact the nearest Agra branch

* Stud auctions: Contact Kiep Lepen or Gert van Wyk at 061 - 290 9220/9252